## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Ricardo | Claassen | 08/10 |
| Andre | Laing | 08/10 |
| Lida | Rossouw | 08/10 |
| Sucille | van Wyk | 08/10 |
| Jan | Van Zyl | 08/11 |
| Neil | Bruwer | 08/12 |
| Carina | Pienaar | 08/12 |
| Lizelle | van der Walt | 08/12 |
| Lie-Lah | van Zyl | 08/12 |
| Carol | Potgieter | 08/13 |
| Daleen | Visser | 08/14 |
| Tina | Mc Pherson | 08/15 |
| Lulu | Rohlandt | 08/15 |
| Judré | Swart | 08/15 |

**WIE BREI SAAM?**
Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. As jy wil brei, handig asb die mus(se) in by die kerkkantoor (Di.-Do, 08h00 - 11h00) gemerk UITREIKE. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 072 5193170.
NS: Daar is geen sperdatum nie.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

09 Augustus 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 09/08**
9h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Kategese
Spesiale Kollekte
Gemeente Noodfonds
**Donderdag**
10h00 L'Agulhasblokke
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 16/08**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Sinodale Kollekte
Hospitaalbediening

**LENTEBASAAR - 26 September**
Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ALLERLEITAFEL.
Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets vir die witolifanttafel. Moenie die boeke en goeie tweedekansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons OP-WIPWINKEL - STALLETJIE in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word {Di-Do. van 8h00 tot 12h00}.

**Boompies by L'Agulhas:** Die jong boompies is nog broos en moet dus asb gekonsidereer word wanneer ons parkeer, Indien u 'n stuk skadunet het wat ongebruik is, skenk dit asb vir ons sodat ons die boompies kan toespan.

**CAR BOOT SALE** Marietjie Hansen sê hulle het 'n heerlike "bootsale" Gehad. Dit het amper soos 'n regte mark begin lyk! Mense ondersteun hierdie kattebakverkope van ons gemeente. Daar behoort einde Augustus weer een te wees. Hou maar die media dop vir kennisname.

## HELPMEKAAR - Groepie

Ons het die "Helpmekaar" - groepie begin, hoofsaaklik om hulp te verleen waar gemeentelede sukkel met huis skoonmaak en al die gewone take a.g.v. ouderdom of siekte, tydelik of oor die lang termyn. Ons wil ook graag 'n databasis begin van persone wat bereid is om te help en wat oor vaardighede beskik soos krane regmaak, kragproppe herstel, gloeilampe vervang, dalk grassny, ensovoorts. Ons uitnodiging is dus tweeledig: (1) laat weet ons indien jy hulp nodig het en (2) laat weet asseblief indien jy bereid is om te help. Kontakpersone: Dawie Theron (0828946070), Madie Haynes (0822932336) of die Kerkkantoor.

**Teksvers: Filippense 4 : 19**
En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

## Ons bid vir...

1. Troos vir behoeftiges.
2. Daaglikse brood vir hongerlydendes.
3. Huisvesting vir dakloses.
4. Hoop, krag en uitsig op die pad vorentoe vir mense wat deur moeilike tye gaan.
5. Oop hande en harte om te deel wat ons het met ons bure. Maak ons instrumente van u liefde.

Ons innige simpatie met Bernie & Jakkie Badenhorst. Bernie se broer, Andries, is oorlede.

**KARAOKE**
Alida Wood en Mat kom weer vanjaar die karaoke by ons aanbied. Stuur solank jou gunsteling lied (meld die kunstenaar(s) wat jy wil hê gebruik moet word en of dit 60s, 70s of 80s musiek is) vir Joanie by 072 5193170. Hulle wil solank die musiek begin oplaai vir 23 Oktober. Jy kan alleen of saam met ander sing! Oefen solank. Dankie vir jou liedjie wat jy deurgegee het, Dawie Theron. Daar is al 'n paar manne wat oefen vir die karaoke. Radio Overberg skryf ook 'n span in. Hoe lyk dit? Watter organisasie gaan van hierdie geleentheid gebruik maak om lekker saam te kuier? Teen R50 toegangsfooi, jou eie verversings en goeie vermaak op jou voorstoep, hoekom nie? Ek wag ...

**DANKIE VIR:**
1. Schalk Pienaar (Leier: Batebestuur) se voltooiing van die vlekvrye staal tafelprojek in Struisbaaikerk se kombuis. Dis die lang tafel onder die venster.
2. Johan, Niel, Cecil en Janus wat weer 'n rekord gebreek het met hulle hoenderbraaiery. 116 porsies. Dis 'n fondsinsameling vir sendingwerk in Kenia. Dankie vir die heerlike slaai en poeding wat die vroue voorberei.
3. Skenk asseblief vir ons netjiese warm klere vir ons OPWIPWINKEL. Ons woeker solank by die CAR Boot Sale vir ons Lentebasaar op 26 September. Dit kan by die Kerkkantoor afgegee word, gemerk JOANIE.
4. Die moeite wat die blokleiers doen met ons blokbyeenkomste. Dankie vir ds. Franziska se boodskappe en vir elke lidmaat wat by 'n blokbyeenkoms inskakel.
5. Erika Steyn (Leier: Barmhartigheid) en almal betrokke by die fondsinsamelings vir Barmhartigheid in ons gemeente. Dankie vir die uitdeel van kospakkies, Trevor, en almal wat daarmee help.
6. Elke lidmaat wat op nagmaalsondae niebederfbare produkte saambring kerk toe vir ons noodspens.
7. Almal wat mense in nood help.

**80 - Plussers Tee**
Op Woensdag, 16 September, word al ons 80 - Plussers met hulle gades uitgenooi na 'n tee om 10h30 in Struisbaaikerk. Dr. Marianna Pietersen is die gasspreker. Sy praat oor Tydlose Breingesondheid. RSVP teen 9 September om te bevestig of u dit sal bywoon. Kontakpersone is:
JAKKIE - 082 379 4342
Die Kerkkantoor - 028 435 6789
Tertius Groenewald - 082 773 2437
U kan vir enige van hulle laat weet of u kom.

## Doen & Deel

**Gedagte vir Aug., Vrouemaand in Koninkrykstyd**.
Op reis met ons sintuie fokus ons hierdie keer op die geskenk om te kan **voel**. Die sintuig van aanraking verbind ons op 'n unieke en intieme manier met die wêreld om ons.
Raak eers bewus van die gewone, alledaagse om jou: die klere aan jou lyf, en as jy buite is, die son en wind op jou vel. Voel aan die sagtheid van 'n blaar. As jy kan, trek jou skoene uit en loop kaalvoet oor die gras, sand of blare.
Kyk mooi na jou hande en dink aan die rol wat jou hande in prosesse van aanraking en ontdekking speel. Dink aan die vermoë om 'n potlood te kan vashou, op jou foon of rekenaar te kan tik, 'n instrument te kan bespeel, in die tuin te kan werk. Dink aan die rol wat aanraking in verhoudings speel – 'n sagte streling wat mens en dier geborge laat voel, 'n omhelsing wat verwelkom en liefde kommunikeer. Aanraking bring ons naaan mekaar en die skepping, laat ons tuiskom in mekaar se teenwoordigheid. Ook by ons self.
Die isiXhosa-woord **ukuva** beteken "om met die sintuie waar te neem". Dieselfde woord word gebruik vir die vermoë om te kan hoor, proe, voel en verstaan. Mens kan baie uit dié logika leer. Die letterlike sensasie van hoor en proe en voel kan my tot 'n dieper verstaan van die werklikheid bring. Veral as my sintuie saamwerk en mekaar versterk. So kan ek bv. my oë inspan om te luister, my ore om te voel, my neus om te verstaan... En kan ek met vrymoedigheid ná 'n gesprek waarop ek geen antwoord het nie, reageer met: **Ek hoor jou**. **Ndiyakuva**.
'n Mens se lewe kan op verrassende maniere deur die helende krag van aanraking verryk word. **Dit ráák my**, sê ons as iets ons ontroer. Soos 'n enkele woord of gebaar of manier van kyk.

## Doen & Deel

Uiteindelik kom die energie en warmte van aanraking van Gód self, wat – in die woorde van Augustinus – "nader aan ons is as wat ons aan ons self is." God se Gees is die asem waarvan ons leef, die krag wat ons tot in ons murg vernuwe, die hande wat ons diepste kern vashou. Wat ons in staat stel om iewers – dikwels onbewus en onbedoeld – **íéts** te doen wat iemand se lewe blywend mag aanraak.
Vrolike Vrouemaand vir jou, liewe Beloftebos-vriendin! Met toestemming van professor Elna Mouton..

## Vir ons kinders

Die aartappel, die eier en die koffiebone
'n Jong meisie het eendag by haar ma gekla dat die lewe baie swaar is. Sy was moeg om elke liewe dag te baklei.
In plaas van om te praat, het haar ma gevra dat sy drie potte vol water moet tap en dit op warm stoofplate moet sit.
1. In die eerste pot het sy een aartappel gesit.
2. In die tweede pot was 'n eier.
3. In die derde pot het sy gemaalde koffiebone gegooi.
Toe die water 'n rukkie lank gekook het, vra sy dat haar dogter moet voel hoe voel die aartappel (dit was sag); die eier moes sy afdop (dit was binne-in hard) en die ryk koffiebone inasem.
1.Die aartappel was hard toe dit in die pot gesit is, maar dit het sag en swak geword.
2. Die eier was breekbaar, maar die hitte het sy binneste verhard.
3. Die koffiebone was uniek - hulle is nie afgebreek nie. Inteendeel, hulle het die warm water verander in iets wonderliks en geurig.
Dié storie leer jou dat wanneer moeilike tye voor jou deur te staan kom, jy 'n keuse het. Laat jy toe dat die druk jou breek, dat dit jou hard maak, of gebruik jy die uitdaging om jou wêreld in iets beters te verander.

**KOOR**
Kooroefening hervat weer September.